

5 Desember

Leef in vrede

Skrifgedeelte: Kolossense 3:5-17
Fokusgedeelte: Kolossense 3:15-17

Wat in jou hart leef, word uiteindelik daad. Die Here wil hê dat vrede jou hart moet vul, want dan sal jy ook vrede na buite toe utoeleef. Vrede is nie iets wat jy uit jouself het nie. Christus gee dit vir jou. Dit is immers 'n vrug van die Heilige Gees se werk in jou.

Die vrede wat God gee, se karakter is heeltemal anders as die vrede wat tussen mense heers.

- In Johannes 14:27 het Jesus gesê: “Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie.”
- En in Filippense 4:7 skryf Paulus: “Die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.”

In Kolossense 3:15 staan dat Christus se vrede in jou lewe, in jou hart die *deurslag* moet gee. Dit impliseer dat vrede soos 'n skeidsregter in jou lewe moet optree – letterlik: regeer. Wanneer daar allerlei onaangename dinge op jou pad kom – soos rusies en harde woorde – moet vrede die laaste sê daarvoor hê. Daarom staan daar in vers 15 ook nog: “God het julle immers geroep om as lede van een liggaam *in vrede met mekaar* te lewe.”

Dit het van Christus die grootste offer ooit gekos om vrede tussen ons en God tot stand te bring. Jy moet beseef dat dit ook van jou selfverloëning en 'n offer sal kos om in vrede met ander te lewe. Jy sal jou eie ek moet begrawe as jy vrede in jou hart wil hê én vrede wil utoeleef.

Sing: Psalm 16:5 (1936-beryming)

Dr. André Grové (Klerksdorp-Noord)